SARL-NUUS SONDAG 31 MEI 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasio
Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken
U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325

STIL SLEUTELS

Dit is met diep leedwese dat die afsterwe van twee radioamateurs vandeesweek aangekondig moe

Frederick Strutt, ZS2JS, van Jeffreysbaai op Maandag 18 Mei 2009. Barbara Buchan, ZS5TZ, van Scottsville, Pietermaritzburg, op Dinsdag 26 Mei 2009. Ons betuig ons innige meegevoel met die afgestorwenes se familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

RADIOAMATEUREKSAMEN SE UITSLAE EERSDAAGS BESKIKBAAR

UITBREIDING VAN 40-METERBAND 'N TREE NADER

EERSTE ANALOOGREKORD OP 4-METER-METEOORSTROOIING IN DIE RSA

MEER SIKLUS 24-VOORSPELLINGS

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike er

RADIOAMATEUREKSAMEN SE UITSLAE EERSDAAGS BESKIKBAAR

Mense kan die ontmoontlike doen, maar wonderwerke neem n bietjie langer. Kandidate wat in M
Moet asseblief nie die kantoor, die eksaminator of Raadslede skakel vir die uitslae nie. Dit

UITBREIDING VAN 40-METERBAND 'N TREE NADER

Die Raad van OKOSA het hierdie week die gewysigde radioregulasies goedgekeur. Die volgende s
Kry u antennas gereed om hierdie geleentheid te vier tydens die spesiale Boland Amateurradio

EERSTE ANALOOGREKORD OP 4 METER-METEOORSTROOIING IN DIE RSA

Baie geluk aan Andre, ZS2ACP, van Port Elizabeth en Paul, ZS6NK, in Polokwane met die opstel
Paul sê, "Na maande se gesukkel het ek en Andre dit uiteindelik op 6 Mei 2009 teen omtrent 0
Die radiopiek van die Eta Aquarid tydens n eteoorbui het in die oggend tussen 08:00 en 11:0
Die volgende aantal dae kan nog interessante kontakte op meteoorstrooiing oplewer.

BESONDERHEDE VAN ZS10WRC VOLGENDE WEEK AANGEKONDIG

Die Raad van die SARL vergader hierdie week en sal die reëlings vir die Wêreldbekersokker se

MEER SIKLUS 24-VOORSPELLINGS

n Internasionale paneel kundiges, gelei deur NOAA, en geborg deur NASA, het 'n nuwe voorspelling bekend gestel vir die volgende sonsiklus. Sonsiklus

24 sal volgens hulle in Mei 2013 piek, met ondergemiddelde hoeveelhede sonvlekke. “As ons voorspelling korrek is, sal sonsiklus 24 ’n pieksonvlekgetal van 90 bereik, die laagste van enige siklus sedert 1928, toe sonsiklus 16 op 78 gepiek het,” sê die paneelvoorsitter, Doug Biesecker, van die VSA se Ruimteweervoorspellingsentrum. n Mens is geneig om die siklus as “swak” of “lig,” te beskryf, maar dit kan die verkeerde indruk skep. “Selfs ’n ondergemiddelde siklus kan ernstige ruimteweer veroorsaak,” wys Biesecker uit. “Die groot geomagnetiese storm van 1859 het byvoorbeeld plaasgevind tydens ’n sonsiklus van omtrent dieselfde grootte as wat ons vir 2013 voorspel”. Die 1859-storm bekend as die “Carrington-gebeurtenis” en vernoem na die sterrekundige Richard Carrington, wat die sonvlam wat dit ontketen het gesien het het transmissiekabels geëlektrifiseer, brande in telegraafkantore laat ontstaan en noorderligte veoorsaak wat so helder was dat mense in die rooi en groen gloed kon koerant lees. ’n Onlangse verslag deur die Amerikaanse Akademie vir Wetenskap het bevind dat as ’n soortgelyke storm vandag sou plaasvind, dit skade van tussen een en twee biljoen Amerikaanse dollar sal berokken aan die hedendaagse hoëtegnologie-infrastruktuur, wat tussen vier en tien jaar sal neem om ten volle te herstel. Ter vergelyking het die orkaan Katrina maar “net” 80 tot 125 miljard dollar se skade veroorsaak.

KOMMUNIKASIE MET JEUG

Daar is vandeesweek 'n e-pos aan almal onder 26 gestuur wat 'n e-posadres het. Die e-pos be

KOMPETISIENUUS

Die Jeugnaelloop vind op 16 Junie 2009 vanaf 10:00 tot 12:00 SAT plaas met baie pryse en gel
SARL 80 meter QSO-geselligheid: Die kompetisiekomitee het 14 logstate ontvang waarvan 13 kom

1ste Jan Botha, ZS4JAN, 860 punte. 2de Bloemfontein-weermag-ARK, ZS9X, 785 punte (bedien deur Christo, ZS4O). 3de Pierre van Deventer, ZS6BB, 575 punte. 4de Adventure-radioklub, ZS1ARC, en Marius Preston, ZS4MP, met 565 punte. Die ZS3-naelloop: Die kompetisiekomitee het 11 logstate en 2 kontrolelogs ontvang. Die eerste drie plekke sal sertifikate ontvang en die res van die deelnemers sal ’n sertifikaat van deelname ontvang. Die wenners is: 1ste Jan Botha, ZS4JAN, 90 punte. 2de Marius Preston, ZS4MP, 53 punte. 3de Pieter Jacobs, ZS6XT, 51 punte.

KLUBNUUS

Tydens die AJV van die Centurion Radioamateurklub op 16 Mei, is die volgende komiteelede ver

Voorsitter Pam Momberg, ZS6APT; Ondervoorsitter Ben Booysen, ZS6BTB; Sekretaris Billy Strumpfer, ZS6WPS; Tesourier Pam Momberg, ZS6APT; Tegnies Johan Keulder, ZS6CAQ; Lewenslange erelidmaatskap is toegeken aan Gert Viljoen, ZR6BV, vir sy herleidings van die Sondagaandbulletins en aan Pam Momberg, ZS6APT, vir haar toewyding aan die klub en amateurradio.

Die Magalies Radioamateurklub bied 'n snuffelmark op die 27ste Junie 2009 aan by hul klubhui

Tyd: 08:00 tot 11:00. Koste: R20 per tafel of stalletjie. Kontakpersoon: Nico, ZS6OI, by 082 772 2556.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie
Die hoeveelheid energie van die son wat die suidelike ionsofeer bereik, is met die seisoensv
Smiddae gaan die toestande na die ooste en die weste goed wees. Gedurende laatmiddag en die
Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort vroegoggend en la
Onthou dat hierdie net 'n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aa
Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

8 Junie Sluitingsdatum vir ZS4-naelloop-logstate; 16 Junie Jeugdagnaelloop; 17 Junie Wêreld-QRP-dag; 17 tot 21 Junie SARL se 160-m-QSO-geselligheid; 27 Junie Magalies Radioamteurklub se snuffelmark; 28 Junie Digitale kompetisie.

SARL-Nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraar
Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om
U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS,

Dankie dat u geluister het. 73.

/EX.